Reeks II - Wanneer *hulle ons* word
Efesiërs 2:11-22

Agtergrond:

Een van die grootste probleme in die vroeë Christelike gemeentes was die verhouding tussen Joodse en Nie-Joodse Christene (M.a.w. mense wat vanuit die heidennasies die Christelike geloof aangeneem het).

- Daar was sommige heidene wat hulle ten volle tot die Jodedom bekeer het. Hulle het hulle laat besny en onderneem om die kultiese wet te onderhou. Hulle is deur die ander Jode as volledig Joods beskou en is daarom "proseliete" genoem – van *proselutos: "die een wat oorgekom het."*
- Daar was ook 'n aantal heidense aanhangers wat, hoewel hulle die Joodse geloof in die God van Israel aangeneem en die Joodse Tenach (Die Ou Testament) as gesaghebbend aanvaar het, nie ten volle deur die Jode as mede – Jode beskou is nie. Hulle wou nie die besnydenis ondergaan nie en was ook nie bereid om die kultiese wet na te kom nie. Dit is hierdie kategorie wat in Handelinge die "Godvresende" genoem word. Hierdie godvresende nie-Jode het die geloof aspek van die Joodse godsdiens met die Jode gedeel, maar nie die rituele aspekte daarvan nie. Hulle was met ander woorde teologies gesproke Jode, maar nie sosiologies nie (soos een vd kommentare daarop wys).

Hierdie nie-Joodse gelowiges/ Godvresende Heidene het die sinagoge dienste bygewoon, maar kon beslis nie saam met die mans aanbid nie. Hulle moes in die buitehowe saam met die vroue aanbid en in sommige gevalle heeltemal buite die sinagoge sit. Hulle is as tweedeklas Christene beskou. Sien die onderstaande skets:



Die hoofrede vir die spanning in die gemeentes was dat sommige lede van die gemeentes geneig was om die gebruike van die sinagoge voort te sit – en hierdie gebruike en tradisie het uitgegaan van die aanname dat die nie- Joodse Christene 'n tweederangse posisie in die gemeente sou inneem.

Die doel van die brief:
Hierdie brief word gerig aan hierdie Nie-Joodse Christene, wat as tweedeklas Christene beskou is. Die skrywer maak dit baie duidelik: *"Julle was…heidene…sonder Christus…uitgesluit uit die Burgerskap van Israel…vreemdelinge en bywoners…**MAAR NOU** is julle een met Christus Jesus".*

- Jesus het in sy eie mens wees die vyandskap/kategorieë/toelatingsvereis tes tussen groepe en vir mense kom afbreek! Hy sê dit twee keer: Ef 2:14 *" Deur sy liggaam te gee, het Hy die vyandskap afgebreek wat vroeër soos 'n muur skeiding gemaak het."*

  Ef 2:16 *"Deur sy dood aan die kruis het Hy 'n einde gemaak aan die vyandskap en die twee met God versoen en tot een liggaam verenig."*

Efesiërs help ons om te verstaan Jesus het hierdie vyandskap kom afbreek en wil van sy kinders 'n alternatiewe gemeenskap – **'n familie maak**, sodat die wêreld kan sien waar God woon. God woon nie in geboue of in volke of in sekere groepe nie. **God woon daar waar mense as familie van God in liefde en vrede saam leef!**

Ons eie konteks vandag:
Ons leef in 'n land wat smag na mooi stories en stories van hoop en lewe – ons smag na God se teenwoordigheid. Stories wat gaan oor lewe en hoop. Ons is moeg vir die stories van verlies en wanhoop wat ons moedeloos maak. Van nog misdaad, nog korrupsie, nog verval, nog 'n moord, nog verdeeldheid nog verlies agv Covid. Ons smag na hoop en lewe….na God self!
Dit is opmerklik dat die stories wat vandag hoop bring, stories is waar ons in gelaat word in mekaar se binnewêreld wat onbekend is vir mekaar. En in die stories sien ons mekaar se gemeenskaplike mens-wees, deel ons in mekaar se gebrokenheid en vreugdes, mekaar se ervarings en drome. En iewers daar ontdek ons mekaar se mens-wees en medemenslikheid…en is daar hoop. Dit is mens-stories wat hoop gee, want daar vind ons vir God, word ons familie en word mure tussen mekaar afgebreek.

Henri Nouwen skryf dat ons moet beweeg van vyandskap (Hostility) na gasvryheid (Hospitality). *"Hospitality, therefore, means primarily the creation of a free space where the stranger can enter and become a friend instead of an enemy. Hospitality is not to change people, but to offer them space where change can take place. It is not to bring men and woman over to our side, but to offer freedom not disturbed by dividing lines. It is not to lead our neighbour into a corner where there are no alternatives left, but to open a wide spectrum of options for choice and commitment. It is not an educated intimidation with good books, good stories and good works but the liberation of fearful hearts so that words can find roots and bear simple fruit.*
The paradox of hospitality is that it wants to create emptiness, not a fearful emptiness, but a friendly emptiness where strangers can enter and discover themselves as created free; free to sing their own songs, speak their own languages, dance their own dances; free also to leave and follow their own vocations. Hospitality is not a subtle invitation to adopt the lifestyle of the host, but the gift of a chance for the guest to find their own.

Vir Kleingroepe:

Ontmoet mekaar

Deel met mekaar hoogtepunte en laagtepunte van die week…

Ontmoet God

Laat een persoon ‘n kers aansteek en draai as groep doelbewus na die Here. Laat een person ‘n gebed doen.

Deel met mekaar

Laat een persoon die agtergrond stukkie op die preekblaadjie lees voor julle die teksgedeelte saam lees

Lees nou die teksgedeelte Ef 2:11-22. Laat iemand ook die Message vertaling lees…

Geen geleentheid dat elkeen deel wat hulle in die gedeelte hoor en wat vir hulle uitstaan?

Deel ook met mekaar wat julle hoor in die aanhaling van Henri Nouwen.

Deel in die groep stories of ervarings waar jy in die onlangse tyd hoop gesien en beleef het.

Die uitdaging in vandag se erediens is dat ons geroep word om stories van hoop te gaan skryf.

Laat die groep saam oor die uitdaging praat…

Bid saam

Draai 2/2 na mekaar en bid in Kleiner groepies vir mekaar se persoonlike behoeftes.